

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Vrydag 1 Februarie 1974 WINDHOEK Friday 1 February, 1974 No. 3376

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

PROKLAMASIES:

PROCLAMATIONS:

No. 2 Dorp Koës: Uitbreiding I: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes

Township of Koës: (Extention I): Amendment of Conditions of Establishment 26

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

GOVERNMENT NOTICES:

No. 9 Dorpsbestuur van Aroab: Sanitasieregulasies: Wysiging van Hoofstuk D

Village Management Board of Aroab: Sanitation Regulations: Amendment of Chapter D 27

No. 10 Sluiting van Grootpad 25 en die Proklamering en Klassifikasie van 'n Pad: Distrikte Keetmanshoop en Karasburg

Closing of a Main Road 25 and the Proclamation and Classification of a Road: Districts of Keetmanshoop and Karasburg 27

No. 11 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Grootpad 73 en die voorgename Proklamasie van 'n Nuwe Gedeelte van Grootpad 73: Distrik Grootfontein

Proposed Closing of a Portion of Main Road 73 and the proposed Proclamation of a New Portion of Main Road 73: District of Grootfontein 28

No. 12 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad 603 en die voorgename Proklamasie van 'n Pad: Distrik Keetmanshoop

Proposed Closing of a Portion of Farm Road 603 and the proposed Proclamation of a Road: District of Keetmanshoop 29

No. 13 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad 604 en die voorgename Proklamasie van 'n Nuwe Gedeelte van Plaaspad 604: Distrik Keetmanshoop

Proposed Closing of a Portion of Farm Road 604 and the proposed Proclamation of a New Portion of Farm Road 604: District of Keetmanshoop 29

No. 14 Sluiting van Plaaspad 593 en die Proklamering en Klassifikasie van 'n Pad: Distrik Keetmanshoop

Closing of a Farm Road 593 and the Proclamation and Classification of a Road: District of Keetmanshoop 30

No. 15 Munisipaliteit van Lüderitz: Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961)

Municipality of Lüderitz: Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) 31

No. 16 Munisipaliteit van Outjo: Waterleweringsregulasies

Municipality of Outjo: Water Supply Regulations 31

No. 17 Munisipaliteit van Keetmanshoop: Wysiging van Regulasies insake Dorpsgrond

Municipality of Keetmanshoop: Amendment of the Regulations relating to Commonage, Camps, Kraals and Stables 51

No. 18 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Suiker

Price Control: Maximum Prices of Sugar ... 51

No. R.62 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/255)

(Republic) Customs and Excise Act 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/255) 52

No. R.63 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/369)

(Republic) Customs and Excise Act 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/369) 53

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- No. 2 Munisipaliteit van Windhoek: Permanente Sluiting van Strate en Oop Ruimtes ten opsigte van die Uitbreiding van die Gevangenisterrein, die Voorsiening van Terreine vir Hospitale, Bantoesakekommissariskantoor, Munisipale Paskantoor, ens.
- No. 3 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van Mnr. S. F. Gous
- No. 4 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van Rietfontein
- No. 5 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van Mnr. J. J. Vermaak
- No. 6 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van Mnr. J. J. Vermaak
- No. 7 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van Mnr. Hans Brummund
- No. 8 Munisipaliteit van Mariental: Tussenverkiesingsuitgawes

ADVERTENSIES:

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 2 van 1974].

DORP KOËS (UITBREIDING 1):
WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 31 A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die voorwaardes uiteengesit in die bylae by Proklamasie 25 van 1954 verander -

- (a) deur in paragraaf 3(a) die uitdrukking "Erwe 115 en 116" deur die uitdrukking "Erf 115" te vervang; en
- (b) deur in paragraaf 3(b) die uitdrukking "Erf 117" deur die uitdrukking "Erwe 116 en 117" te vervang.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 18de dag van Januarie 1974.

B. J. VAN DER WALT,
Administrateur.

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GENERAL NOTICES:

- Municipality of Windhoek: Permanent Closing of Streets and Open Spaces in respect of the Extension of the Goal Site and the Provision of Sites for Hospitals, Offices for the Native Affairs Commissioner, Municipal Pass Office, ect. 55
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of Mr. S. F. Gous 56
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of Rietfontein 56
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of Mr. J. J. Vermaak 57
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of Mr. J. J. Vermaak 57
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of Mr. Hans Brummund 57
- Municipality of Mariental: By-election Expenses 58

ADVERTISEMENTS:

58

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 2 of 1974].

TOWNSHIP OF KOËS (EXTENSION 1):
AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 31 A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) amended the conditions set forth in the schedule to Proclamation 25 of 1954 as follows -

- (a) by the substitution for the expression "Erven 115 and 116" of the expression "Erf 115" in paragraph 3(a); and
- (b) by the substitution for the expression "Erf 117" of the expression "Erven 116 and 117" in paragraph 3 (b).

Given under my hand and seal in Windhoek, on this the 18th day of January 1974.

B. J. VAN DER WALT,
Administrator.

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 9]

[1 Februarie 1974

**DORPSBESTUUR VAN AROAB:
WYSIGING VAN HOOFSTUK D: SANITASIERE-
GULASIES.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) goedgekeur dat die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 83 van 1963 gewysig word deur die invoeging van die volgende bylae na regulasie 32:

"BYLAE

(Ingevolge regulasie 11)

Vir die verwydering van:

- (a) Nagvuil en urine, twee keer per week: R1,50 per emmer per maand of gedeelte van 'n maand.
- (b) Huisvuil en as, twee keer per week: R1,00 per houër per maand of gedeelte van 'n maand.
- (c) Vuilwater en die inhoud van opgaartenks: R3,50 per 4546 liter of gedeelte daarvan."

No. 10]

[1 Februarie 1974

**SLUITING VAN GROOTPAD 25 EN DIE PROKLA-
MERING EN KLASSIFIKASIE VAN 'N PAD:
DISTRIKTE KEETMANSHOOP EN KARASBURG.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) in die distrikte Keetmanshoop en Karasburg grootpad nommer 25 wat in Bylae I beskryf word en wat aangetoon word op sketskaart P491, gesluit en pad nommer 25 wat op sketskaart P491 aangetoon word, geproklameer, die loop daarvan bepaal, soos in Bylae II beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot grootpad verklaar.

BYLAE I

Beskrywing van Pad:

Die pad beskryf as grootpad 25 in Bylae II van Proklamasie 36 van 1953; Bylaes I en II van Proklamasie 35 van 1954; Bylaes I en II van Proklamasie 6 van 1955; Bylaes I en III van Proklamasie 3 van 1962; Bylaes I en III van Proklamasie 7 van 1965 en Bylaes I en II van Proklamasie II van 1967.

Gedeelte gesluit:

Die geheel.

No. 9]

[1 February 1974

**VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF AROAB:
AMENDMENT OF CHAPTER D : SANITATION
REGULATIONS.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) approved the amendment of the regulations promulgated by Government Notice 83 of 1963 by the insertion of the following schedule after regulation 32:

"SCHEDULE

(In terms of regulation 11)

For the removal of:

- (a) Nightsoil and urine, twice weekly: R1,50 per bucket per month or part of a month.
- (b) Household refuse and ash, twice weekly: R1,00 per container per month or part of a month.
- (c) Slopwater and contents of conservancy tanks: R3,50 per 4546 litres or part thereof."

No. 10]

[1 February 1974

**CLOSING OF MAIN ROAD 25 AND THE PRO-
CLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD:
DISTRICTS OF KEETMANSHOOP AND KARAS-
BURG.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) in the districts of Keetmanshoop and Karasburg closed main road 25 which is described in Schedule I and which is indicated on sketch map P491, proclaimed road number 25 which is indicated on sketch map P491, defined the route thereof as described in Schedule II and under and by virtue of the provisions of section 23 (1) of the said Ordinance declared it a main road.

SCHEDULE I

Description of Road:

The road described as main road 25 in Schedule II of Proclamation 36 of 1953; Schedules I and II of Proclamation 35 of 1954; Schedules I and II of Proclamation 6 of 1955; Schedules I and III of Proclamation 3 of 1962; Schedules I and III of Proclamation 7 of 1965 and Schedules I and II of Proclamation II of 1967.

Portion closed:

The whole.

BYLAE II

Van 'n punt op grootpad 27 op die plaas Streitdam 259 in die distrik Keetmanshoop algemeen suidweswaarts oor die plase Streitdam 259, Gedeelte 1 (Koertzebeb Noord) van Koertzebeb 275, Kannenberg 258, Gedeelte 1 van Samahaling 277, Samahaling 277, Vredeshoop 283, Gedeelte 2 (Williesput) van Träental 299, Gedeelte 7 van Gedeelte 2 van Träental 299, Gedeelte 4 (Marcel) van Träental 299, Träental 299 en Gedeelte 9 (Wilhesta) van Träental 299 tot op 'n punt op die suidelike grens van laasgenoemde plaas; van daar voortgaande in die distrik Karasburg algemeen suidweswaarts oor die plaas Platbeen 300 tot op 'n punt op die suidelike grens van genoemde plaas; van daar voortgaande in die distrik Keetmanshoop algemeen suidweswaarts oor die plaas Gedeelte B van Platbeen 300 tot op 'n punt op die suidelike grens van genoemde plaas; van daar voortgaande in die distrik Karasburg algemeen suidweswaarts oor die plase Tsaraxaibis 275, Gedeelte 1 (Smorenswind) van Tsaraxaibis 275, Tsaraxaibis 275, Gedeelte 2 (Devenish Puts) van Tsaraxaibis 275, Gedeelte 1 (Volstruishoek) van Lovedale 32, Lovedale 32, Gedeelte A (Kalkputs) van Oas 29, Oas 29, Stinkdorn 28, Duurdrift Nord 26, Gedeelte A van Uitkomst 25 Gedeelte B van Uitkomst 25, Nanzes 22, Spes Bona 21, Gedeelte 3 (Skaaprivier) van Amas 46, Obub 47, Gedeelte 13 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48, Gedeelte 12 (Eksteensrust) van Gedeelte 10 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48 en Gedeelte 7 van Gedeelte A van Kalkfontein West 48 tot op 'n punt op hoofpad 3, seksie 1, op laasgenoemde plaas.

No. 11]

[1 Februarie 1974

**VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 73 EN DIE VOORGENOME PROKLAMERING VAN 'N NUWE GEDEELTE VAN GROOTPAD 73:
DISTRIK GROOTFONTEIN.**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 21(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) word hierby bekend gemaak dat die Hoof- Paaie-ingenieur voorstel dat 'n gedeelte van grootpad 73 gesluit word soos in Bylae I geskryf en dat 'n pad geproklameer word soos in Bylae II uiteengesit en dat die Hoof- Paaie-ingenieur sal aanbeveel dat genoemde pad tot grootpad met nommer 73, verklaar word.

'n Sketskaart (nommer P517) van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof- Paaie-ingenieur, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Grootfontein, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde voorstel moet sy besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Februarie 1974 skriftelik indien by die Hoof- Paaie-ingenieur, Privaatsak 12005, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt op grootpad 73 op die plaas Abenab 707 algemeen noordwaarts oor die plaas Abenab 707 tot op 'n punt op genoemde plaas; van daar algemeen weswaarts oor die

SCHEDULE II

From a point on main road 27 on the farm Streitdam 259 in the district of Keetmanshoop generally south-westwards across the farms Streitdam 259, Portion 1 (Koertzebeb Noord) of Koertzebeb 275, Kannenberg 258, Portion 1 of Samahaling 277, Samahaling 277, Vredeshoop 283, Portion 2 (Williesput) of Träental 299, Portion 7 of Portion 2 of Träental 299, Portion 4 (Marcel) of Träental 299, Träental 299 and portion 9 (Wilhesta) of Träental 299 to a point on the southern boundary of the last-mentioned farm; thence continuing in the district of Karasburg generally southwestwards across the farm Platbeen 300 to a point on the southern boundary of the said farm; thence continuing in the district of Keetmanshoop generally southwestwards across the farm Portion B of Platbeen 300 to a point on the southern boundary of the said farm; thence continuing in the district of Karasburg generally southwestwards across the farms Tsaraxaibis 275, Portion 1 (Smorenswind) of Tsaraxaibus 275, Tsaraxaibis 275, Portion 2 (Devenish Puts) of Tsaraxaibis 275, Portion 1 (Volstruishoek) of Lovedale 32, Lovedale 32, Portion A (Kalkputs) of Oas 29, Oas 29, Stinkdorn 28, Duurdrift Nord 26, Portion A of Uitkomst 25, Portion B of Uitkoms 25, Nanzes 22, Spes Bona 21, Portion 3 (Skaaprivier) of Amas 46, Obub 47, Portion 13 of Portion A of Kalkfontein West 48, Portion 12 (Eksteensrust) of Portion 10 of Portion A of Kalkfontein West 48 and Portion 7 of Portion A of Kalkfontein West 48 to a point on trunk road 3, section 1, on the last-mentioned farm.

No. 11]

[1 February 1974

**PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF MAIN ROAD 73 AND THE PROPOSED PROCLAMATION OF A NEW PORTION OF MAIN ROAD 73:
DISTRICT OF GROOTFONTEIN.**

Under and by virtue of the provisions of section 21(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) it is hereby made known that the Chief Roads Engineer proposes that a portion of main road 73 which is described in Schedule I be closed and that a road be proclaimed as described in Schedule II and that the Chief Roads Engineer will recommend that the said road be declared a main road, with number 73.

A sketch map (number P517) of the area concerned indicating the road referred to in the proposal as well as other proclaimed, minor and private roads in that area lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Grootfontein.

Any person having any objections to the above proposal should lodge his objections in writing within 30 days as from 1 February 1974 with the Chief Roads Engineer, Private Bag 12005, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point on main road 73 on the farm Abenab 707 generally northwards across the farm Abenab 707 to a point on the said farm; thence generally westwards across the farm

plaas Abenab 707 tot op 'n punt op distrikspad 3021 op genoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt op grootpad 73 naby die suidoostelike hoekbaken van die plaas Abenab 707 algemeen weswaarts oor die plaas Abenab 707 tot op 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordweswaarts oor die plaas Abenab 707 tot op 'n punt op distrikspad 3021 op genoemde plaas.

No. 12] [1 Februarie 1974

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 603 EN DIE VOORGENOME PROKLAMERING VAN 'N PLAASPAD: DISTRIK KEETMANSHOOP.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Keetmanshoop versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 603 gesluit word soos in Bylae I beskryf en dat 'n plaaspad met nommer 551 geproklameer word soos in Bylae II beskryf.

'n Sketskaart nommer P539 van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het sowel as ander geproklameerde ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof-Paaie-ingenieur, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Keetmanshoop, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogenoemde versoek moet sy besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Februarie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt (B op skets P539) op plaaspad 603 op die plaas Nanebis 120 algemeen noordoos- en noordwaarts oor die plase Nanebis 120, plaas 379, Reinfels 125 en Ompad 394 tot op 'n punt (N op skets P539) op hoofpad 4, seksie 1, op laasgenoemde plaas.

BYLAE II

Beskrywing van voorgenome plaaspad 551.

Van 'n punt op plaaspad 599 op die plaas Nanebis 120 algemeen noordwaarts oor die plase Nanebis 120, plaas 379, Reinfels 125 en Ompad 394 tot op 'n punt op hoofpad 4, seksie 1, op laasgenoemde plaas.

No. 13] [1 Februarie 1974

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 604 EN DIE VOORGENOME PROKLAMERING VAN 'N NUWE GEDEELTE VAN PLAASPAD 604: DISTRIK KEETMANSHOOP.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972)

Abenab 707 to a point on district road 3021 on the said farm.

SCHEDULE II

From a point on main road 73 near the south-eastern corner beacon of the farm Abenab 707 generally westwards across the farm Abenab 707 to a point on the said farm; thence generally north-westwards across the farm Abenab 707 to a point on district road 3021 on the said farm.

No. 12] [1 February 1974

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 603 AND THE PROPOSED PROCLAMATION OF A FARM ROAD: DISTRICT OF KEETMANSHOOP.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) it is hereby made known that the Roads Board of Keetmanshoop requests that a portion of farm road 603 be closed as described in schedule I and that a farm road with number 551 be proclaimed as described in schedule II.

A sketch map number P539 of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Keetmanshoop.

Any person having any objections to the above request should lodge his objections in writing within 30 days as from 1 February 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (B on sketch P 539) on farm road 603 on the farm Nanebis 120 generally northeast- and northwards across the farms Nanebis 120, farm 379, Reinfels 125 and Ompad 394 to a point (N on sketch P539) on trunk road 4, section 1, on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II

Description of proposed farm road 551:

From a point on farm road 599 on the farm Nanebis 120 generally northwards across the farms Nanebis 120, farm 379, Reinfels 125 and Ompad 394 to a point on trunk road 4, section 1, on the last-mentioned farm.

No. 13] [1 February 1974

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 604 AND THE PROPOSED PROCLAMATION OF A NEW PORTION OF FARM ROAD 604: DISTRICT OF KEETMANSHOOP.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) it is

word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Keetmanshoop versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 604 gesluit word soos in Bylae I beskryf en dat 'n plaaspad geproklameer word soos in Bylae II uiteengesit.

'n Sketskaart nommer P539 van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het sowel as ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof- Paaie-ingenieur, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Keetmanshoop, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogenoemde versoek, moet sy besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Februarie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt (C op skets P539) op plaaspad 604 op die plaas Nanebis 120 algemeen noord-noordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (E op skets P539) op plaaspad 603 op genoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt (C op skets P539) op plaaspad 604 op die plaas Nanebis 120 algemeen weswaarts oor die plase Nanebis 120 en Naute 119 tot op 'n punt (A op skets P539) op plaaspad 599 op laasgenoemde plaas.

No. 14]

[1 Februarie 1974

SLUITING VAN PLAASPAD 593 EN DIE PROKLAMERING EN KLASSIFIKASIE VAN 'N PAD: DISTRIK KEETMANSHOOP.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) in die distrik Keetmanshoop plaaspad 593, wat aangetoon word op sketskaart nommer P350 en beskryf word in Bylae I, gesluit en pad nommer 593 wat aangetoon word op sketskaart nommer P350 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot plaaspad verklaar.

BYLAE I

Beskrywing van Pad: Gedeelte gesluit:

Die pad beskryf as plaaspad 593 in Bylae I van Proklamasie 42 van 1954. Die geheel.

BYLAE II

Beskrywing van Plaaspad 593:

Van 'n punt op hoofpad 1, seksie 2, op die plaas Uchanaris 56 algemeen suidweswaarts oor die plase Uchanaris 56, Gedeelte 8 van Narubis 57, Nagas 55, Gedeelte 1 (Rooiwater) van Abuchabis 90 en Gedeelte 3 (Rooiwerf) van Abuchabis 90 tot op 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor die plase Gedeelte 3

hereby made known, that the Roads Board of Keetmanshoop requests that a portion of farm road 604 be closed as described in Schedule I and that a farm road be proclaimed as described in Schedule II.

A sketch map under P539 of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Keetmanshoop.

Any person having any objections to the above request should lodge his objections in writing within 30 days as from 1 February 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (C on sketch P539) on farm road 604 on the farm Nanebis 120 generally north-northwestwards across the said farm to a point (E on sketch P539) on farm road 603 on the said farm.

SCHEDULE II

From a point (C on sketch P539) on farm road 604 on the farm Nanebis 120 generally westwards across the farms Nanebis 120 and Naute 119 to a point (A on sketch P539) on farm road 599 on the last-mentioned farm.

No. 14]

[1 February 1974

CLOSING OF FARM ROAD 593 AND THE PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD: DISTRICT OF KEETMANSHOOP.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) in the district of Keetmanshoop closed farm road 593 which is indicated on sketch map number P350 and as described in Schedule I, proclaimed farm road 593 as indicated on sketch map number P350, defined the route thereof as described in Schedule II and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a farm road.

SCHEDULE I

Description of Road: *Portion Closed:*

The road described as farm road 593 in Schedule I of Proclamation 42 of 1954. The whole.

SCHEDULE II

Description of Farm Road 593:

From a point on trunk road 1, section 2, on the farm Uchanaris 56 generally southwestwards across the farms Uchanaris 56, Portion 8 of Narubis 57, Nagas 55, Portion 1 (Rooiwater) of Abuchabis 90 and Portion 3 (Rooiwerf) of Abuchabis 90 to a point on the last-mentioned farm; thence

(Rooiwerf) van Abuchabis 90, Abuchabis 90, Aningoas 89 en Uitzig 307 tot op 'n punt op distrikspad 607 op laasgenoemde plaas.

No. 15] [1 Februarie 1974

ORDONNANSIE INSAKE HEFFING EN BYDRAES VIR INBOORLINGBEHUISING 1961 (ORDONNANSIE 33 VAN 1961).

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) die onderstaande wysiging goedgekeur van Goewermentskennisgewing 230 van 1966.

MUNISIPALITEIT VAN LÜDERITZ.

Vervang die syfer "50c" waar dit in paragraaf (ii) teenoor die woord "Lüderitz" voorkom deur die syfer "R1,00".

No. 16] [1 Februarie 1974

MUNISIPALITEIT VAN OUTJO:
WATERLEWERINGSREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 (3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies goedgekeur.

1. ALGEMEEN.

In hierdie regulasies, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken "diens" alle pype, toebehore en apparaat behalwe 'n deel van die verbindingspyp of die meter, wat gebruik word of bedoel is vir gebruik vir of in verband met die lewering van water deur die Raad en wat op die perseel geleë is wat deur die verbruiker bewoon word of aan hom behoort;

"dienspyp" enige pyp wat deel van 'n diens uitmaak;

"hoofleiding" 'n pyp, akwaduk of ander werk onder die uitsluitlike beheer van die Raad en wat deur die Raad gebruik word vir die doel om water na verbruikers te vervoer, maar sluit geen verbindingspyp in soos hierin omskryf nie;

"huishoudelike doeleindes" elke soort huishoudelike doel;

"Ingenieur" die Stadsingenieur van die munisipaliteit;

"munisipale gebied" die gebied ten opsigte waarvan die munisipaliteit regsbevoegdheid uitoefen;

"munisipaliteit" die Munisipaliteit van Outjo;

"nywerheidswater" beteken water wat gelewer word aan persele wat as fabriek omskryf word kragtens die Ordonnansie op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk 1952 (Ordonnansie 34 van 1952) of 'n wysiging daarvan, en werke wat onder die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 (Ordonnansie 20 van 1968) of 'n wysiging daarvan ressorteer;

(Rooiwerf) of Abuchabis 90, Abuchabis 90, Aningoas 89 and Uitzig 307 to a point on district road 607 on the last-mentioned farm.

No. 15] [1 February 1974

NATIVE HOUSING LEVY AND CONTRIBUTIONS ORDINANCE, 1961 (ORDINANCE 33 OF 1961).

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 3 of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) approved the following amendment of Government Notice 230 of 1966.

MUNICIPALITY OF LÜDERITZ.

Substitute the figure "R1,00" for the figure "50c" where it appears in paragraph (ii) opposite the word "Lüderitz".

No. 16] [1 February 1974

MUNICIPALITY OF OUTJO:
WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243(3) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations:-

GENERAL:

1. In these regulations unless the context otherwise indicates

"communication pipe" means any pipe leading from a main to the premises of a consumer as far as the street boundary of such premises situated nearest to such main or, in cases where a meter is installed inside the premises of any consumer in accordance with these regulations, as far as the inlet of the meter;

"consumer" means the occupier of any premises which the Council has agreed to supply with water or the owner of such premises or any other person who has entered into an agreement with the Council for the supply of water or who is lawfully obtaining water from the Council;

"Council" means the Council of the municipality;

"domestic purpose" includes every kind of household purpose;

"Engineer" means the Town Engineer of the municipality;

"industrial water" means water supplied to premises defined as factories under the Factories, Machinery and Building Works Ordinance, 1952 (Ordinance 34 of 1952) or any amendment thereof, and works falling under the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968) or any amendments thereof;

“openbare kennisgewing” die publikasie van ’n kennisgewing in een of meer uitgawes van ’n Afrikaanse en Engelse nuusblad wat in die munisipale gebied sirkuleer sowel as die opklak van sodanige kennisgewing in die Afrikaanse en Engelse tale by die munisipale kantoor;

“Ordonnansie” die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963);

“Raad” die Raad van die munisipaliteit;

“tarief” die tarief van koste vir water of ander dienste wat deur die Raad voorgeskryf en in Aanhangsel A uiteengesit word;

“verbindingspyp” beteken ’n pyp wat van ’n hoofleiding na die perseel van ’n verbruiker lei tot by die straatgrens van sodanige perseel wat naaste aan sodanige hoofleiding geleë is of, in gevalle waar ’n meter, volgens hierdie regulasies op die perseel van ’n verbruiker geleë is, tot by die inlaat van die meter;

“verbruiker” die bewoner van ’n perseel aan wie die Raad onderneem het om water te lewer of die eienaar van sodanige perseel of ’n ander persoon wat ’n ooreenkoms aangegaan het met die Raad vir die lewering van water of wat wettig water van die Raad verkry;

“water vir boudoeleindes” water wat van die hoofleidings van die Raad gebruik word met die doel om ’n nuwe gebou of geboue op te rig;

voorts het ander woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as wat daaraan gegee word in die Ordonnansie.

2. In hierdie regulasies beteken “S.A.B.S.” of “S.A.S.S.” of “B.S.” gevolg deur ’n nommer en ’n titel of slegs deur ’n nommer deurgaans die spesifikasie (met inbegrip van alle wysigings van sodanige spesifikasie) met die nommer aangedui, wat gepubliseer is,

in die geval van “S.A.B.S.” deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde;

in die geval van “S.A.S.S.” deur die Suid-Afrikaanse Standaarde-Instituut; en

in die geval van “B.S.” deur die “British Standard Institution”, en wat in die kantoor van die Stadsingenieur gehou word en gedurende kantoorure vir die publiek ter insae lê.

3. DOMICILIUM CITANDI:

Vir die doel van aflewering of betekening van ’n kennisgewing, bevel of ander dokument wat in hierdie regulasies genoem word, moet die adres van die verbruiker wat in die boeke van die Raad geregistreer is, as die *domicilium citandi* van die verbruiker beskou word.

4. AANSPREEKLIKHEID VAN VERBRUIKER:

Daar word geag dat ’n oortreding van hierdie regulasies wat op ’n perseel begaan is, deur die verbruiker begaan is,

“main” means any pipe, aqueduct, or other work under the exclusive control of the Council and used by it for the purpose of conveying water to consumers, but shall not include any communication pipe, as herein defined;

“municipal area” means the area in respect of which the municipality has jurisdiction;

“municipality” means the Municipality of Outjo;

“Ordinance” means the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);

“public notice” means the publication of a notice in one or more issues of an Afrikaans and English newspaper circulating in the municipal area, as well as the posting of such notice in the Afrikaans and English languages at the municipal offices;

“service” means all pipes, fittings, and apparatus except any portion of the communication pipe or the meter, used or intended to be used for or in connection with the supply of water by the Council and situated on the premises occupied or owned by the consumer;

“service pipe” means any pipe included in any service;

“tariff” means the tariff of charges for water or other services prescribed by the Council and set out in Annexure A;

“water for building purposes” means water used from the Council’s mains for the purpose of erecting a new building or buildings;

and other words and expressions have the same meanings as those assigned to them in the Ordinance.

2. Throughout these regulations “S.A.B.S.”, “S.A.S.S.” or “B.S.” followed by a number and title or by a number only means the specification (including all amendments to such specification) of the indicated number published by

in the case of “S.A.B.S.”, the Council of the South African Bureau of Standards;

in the case of “S.A.S.S.”, the South African Standards Institution, and in the case of “B.S.”, the British Standards Institution and deposited in the office of the Town Engineer and made available to the public during office hours.

3. DOMICILIUM CITANDI:

For the purpose of the delivery or serving of any notice, order, or other document referred to in these regulations, the address, of the consumer registered in the books of the Council shall be deemed to be the *domicilium citandi* of the consumer.

4. LIABILITY OF CONSUMER:

Any contravention of these regulations committed on any premises, shall be deemed to have been committed by the

tensy en tot tyd en wyl hy die teendeel bewys het.

consumer unless and until he proves the contrary.

5. BETREDING EN INSPEKSIE DEUR WERKNEMERS:

5. ENTRY AND INSPECTION BY EMPLOYEES:

(1) Die Ingenieur of 'n ander behoorlik gemagtigde werknemer van die Raad kan vir 'n doel wat met die uitvoering van hierdie regulasies in verband staan, te alle redelike tye of te eniger tyd in 'n noodgeval en sonder vorige kennisgewing 'n perseel betree en sodanige inspeksie en ondersoek uitvoer en sodanige navraag doen soos hy nodig ag: Met dien verstande dat sodanige werknemer by die betreding van 'n perseel die rede vir sodanige inspeksie, ondersoek en navraag moet meld indien hy daarom versoek word.

(1) The Engineer or any other duly authorized employee of the Council may for any purpose connected with the carrying out of the regulations at all reasonable times or at any time in an emergency and without previous notice enter upon any premises and make such inspection, examination, and enquiry as he may deem necessary: Provided that upon entry on any premises such employee shall if thereto required state the reason for such inspection, examination, and enquiry.

(2) Indien sodanige werknemer dit vir die doel van die ondersoek of inspeksie of vir die uitvoering van enige ander werk nodig ag kan hy, nadat hy 24 uur kennis gegee het of onmiddellik sonder enige kennisgewing indien onmiddellike optrede volgens sy mening nodig is, enige grond, beton, stene, hout, metaalwerk of 'n ander ding wat deel van sodanige perseel uitmaak, op koste van die verbruiker verskuif.

(2) Where such employee considers it necessary for the purpose of examination or inspection or of carrying out any other work, he may at the expense of the consumer after having given 24 hours notice, or at once without giving any notice if in his opinion immediate action is necessary, move any earth, concrete, brick, wood, metal work, or any other thing which is part of such premises.

(3) Die Raad is nie aanspreeklik om enige vergoeding te betaal in verband met 'n inspeksie, ondersoek of werk wat deur werknemers van die Raad uitgevoer is kragtens subregulasie (2) van hierdie regulasie nie:

(3) The Council shall not be liable to pay any compensation in respect of any inspection, examination, or work carried out by its employees under subregulation (2) of this regulation: Provided that where any such inspection, examination, or work is carried out for the sole purpose of discovering whether a contravention is discovered, the Council shall bear the expense connected therewith together with that of restoring the premises to their former condition.

Met dien verstande dat waar sodanige inspeksie, ondersoek of werk uitgevoer word met die blote doel om vas te stel of 'n oortreding van hierdie regulasies begaan is, en geen sodanige oortreding gevind word nie, die Raad sowel die uitgawes in verband daarmee as dié van die herstel van die perseel tot sy vorige toestand, moet dra.

BEPALINGS BETREFFENDE WATERLEWERING DEUR DIE RAAD.

PROVISIONS RELATING TO THE COUNCIL'S WATER SUPPLY.

6. VERBINDINGS SLEGS DEUR DIE RAAD:

6. CONNECTIONS BY COUNCIL ONLY:

Niemand buiten 'n gemagtigde werknemer van die Raad mag 'n aansluiting aan 'n hoofleiding of verbindingspyp maak nie: Met dien verstande dat die aansluiting van die diens aan die end van die verbindingspyp of, in die geval van 'n meter wat deur die Raad op 'n perseel geïnstalleer is, aan die uitlaat van sodanige meter deur die verbruiker uitgevoer kan word.

No person except an authorized employee of the Council shall make any connection to any main or communication pipe: Provided that the connection of the service to the end of the communication pipe, or where a meter is installed by the Council inside any premises, to the outlet from such meter may be made by the consumer.

7. AANSLUITING AAN ANDER WATERTOEVER:

7. CONNECTIONS TO OTHER SUPPLIES:

Geen dienspyp, tenk, bak of apparaat vir die bewaring of vervoer van water wat deur die Raad voorsien word, mag direk aan 'n ander stelsel van waterlewering aangesluit word nie, tensy sodanige ander stelsel voldoen aan al die vereistes van die openbare gesondheidswette.

No service pipe, tank, cistern, or apparatus for storing or conveying water supplied by the Council shall be directly connected with any other system of water supply, unless such other system complies with all the requirements of the public health laws.

8. ONGEMAGTIGDE NEEM VAN WATER:

8. UNAUTHORIZED TAKING OF WATER:

Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad onder die hand van die Ingenieur gegee, mag niemand behalwe 'n persoon wat 'n kontrak met die Raad aangegaan het vir waterlewering en in ander opsigte voldoen het aan die vereistes van hierdie regulasies water neem van of 'n aansluiting maak of laat maak met 'n hoofleiding, verbindingspyp, reservoir, brandkraan,

No person other than a person who has entered into a contract with the Council for a supply of water and has otherwise complied with the requirements of the regulations shall take any water from, or make or cause to be made any connection with any main, communication pipe reservoir, hydrant, conduit, cistern or other thing containing water belonging to the Council except with the

leipyp, bak of ander ding wat water bevat wat aan die Raad behoort nie.

9. BESKADIGING VAN WATERSTELSEL:

Niemand mag opsetlik of op nalatige wyse 'n hoofleiding, verbindingspyp of meter of ander installasie of apparaat wat aan die Raad behoort en gebruik word of bedoel is vir gebruik deur die Raad in verband met die lewering van water, beskadig of die beskadiging daarvan veroorsaak nie.

10. BESOEDILING VAN WATERVOORRAAD:

Niemand mag -

- (a) in enige stroom, reservoir, akwaduk of ander plek, wat water bevat wat heeltemal of gedeeltelik aan die Raad behoort of onder die beheer of bestuur van die Raad staan en wat gebruik word vir of in verband met die lewering van water aan die inwoners van die leweringsgebied van die Raad, bad of was of 'n dier daarin was of gooi of veroorsaak of toelaat dat 'n dier daarin gaan nie, tensy sodanige handeling spesiaal toegelaat word;
- (b) enige afval, vullis, vuilgoed of ander skadelike stof in sodanige stroom, reservoir, akwaduk of ander plek gooi nie of enige doek, wol, leer of die vel van 'n dier, of enige klere of ander stof daarin reinig nie;
- (c) veroorsaak of toelaat dat die water uit 'n opwasbak, vuilriool, riool, enjin, stoomketel of enige ander vuil water of vloeistof of olie vir die beheer waarvan hy verantwoordelik is, in sodanige stroom, reservoir, hoofleiding, akwaduk of ander plek loop of dit daarna laat oorbring, of enige ander handeling verrig waardeur die water wat deur die Raad aan die inwoners van die gebied gelewer word, besoedel kan raak nie.

11. MENG VAN REËNWATER MET DIE WATERVOORRAAD VAN DIE RAAD:

Niemand mag veroorsaak of toelaat dat -

- (a) 'n dienspyp wat aangesluit is aan 'n hoofleiding aangesluit word aan 'n bak, vat of ander houer wat gebruik word of bedoel is vir gebruik vir die ontvangs of bewaring van water wat verkry word uit 'n ander bron as die hoofleidings van die Raad of aan 'n houthouer wat nie van 'n goedgekeurde voering voorsien is nie;
- (b) reënwater in 'n tenk of bak waarin die Raad water lewer, inloop nie.

12. AANSOEK OM EN OOREENKOMS VIR WATERLEWERING:

- (1) 'n Aansoek om die lewering van water moet aan die Raad op die voorgeskrewe vorm gerig word, wat ook 'n vorm van ooreenkoms moet bevat, en die applikant moet meld vir watter doeleindes die water verlang word, en moet sodanige vorm van ooreenkoms teken.
- (2) Die Raad moet die applikant in kennis stel of sodanige aansoek toegestaan is of nie.

Written permission of the Council under the hand of the Engineer first had and obtained.

9. DAMAGE TO WATER SYSTEM:

No person shall wilfully or negligently damage or cause to be damaged any main, communication pipe, or meter or other plant or apparatus belonging to the Council and used or intended to be used by it in connection with the supply of water.

10. POLLUTION OF SUPPLY:

No person shall -

